Die verswakking van die lopende rekening van die betalingsbalans in die eerste helfte van 1996 het saamgeval met 'n afname in die netto invloeiing van kapitaal van die res van die wêreld. Netto invloeiing van kapitaal in die eerste helfte van 1996 het gedaal tot minder as die helfte van die gemiddelde kwartaallike bedrae in 1995. Ofskoon die land gedurende die tweede kwartaal van 1996 steeds 'n netto inwaartse beweging van langtermynkapitaal ondervind het, was dit hoofsaaklik in die vorm van investering in genoteerde sekuriteite op die Johannesburgse Aandelebeurs. Regstreekse buitelandse investering in werkskeppende projekte het op 'n betreklik beskeie vlak gebly. Hoewel private banke korttermynfondse in buitelandse markte geleen het, het vervroegings en verdragings in die buitelandse betalings en ontvangstes van die nie-bank private sektor gelei tot 'n netto uitvloeïing van korttermynkapitaal wat die netto invloeiing na die banksektor oorskry het.

Ten spyte daarvan dat die totale netto invloeiing van kapitaal aansienlik hoër was as in die eerste kwartaal was dit steeds onvoldoende om die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans in die tweede kwartaal van 1996 te finansier. Die bruto en netto goud- en ander buitelandse reserves van die land het gevolglik gedaal namate die Reserwebank buitelandse valuta moes voorsien om aan die betalingsbehoefte van invoerders te voldoen. Hierdie optrede van die Bank is by tye verkeerdelik gesien as pogings om die wisselkoers van die rand op bepaalde vlakke vas te stel, wat weer spekulatiewe aanvalle op die geldeenheid ontketen het. Die wisselkoers van die rand het nietemin gedurende die tweede kwartaal van 1996 aansienlik verswak, wat 'n uitwerking op die res van die ekonomie gehad het.

Die stewige koerse van toename in inkomegroei en die volgehoue hoë vlakke van binnelandse besteding het tot 'n sterk vraag na geld vir transaksiedoeleindes gelei en die omvattende gedefinieerde geldvoorraad het dienooreenkomstig gereageer. Groter toenames in die enger gedefinieerde monetêre totale as die omvattende M3-geldvoorraad dui daarop dat die transaksievraag na geld versterk is deur 'n toename in die publiek se voorkeur vir meer likiede deposito-tipe beleggings. Die toename in likiditeitsvoorkeur is op sy beurt aangevuur deur die baie geleenthede vir spekulasie wat na vore gekom het as gevolg van die wisselvalligheid in die pryse van finansiële bates asook die gewaarwording dat voorsorg getref moes word toe onsekerhede oor sosio-politieke bestendigheid opgeduik het.

Die belangrikste rekeningkundige teenhangers van die groei in die geldvoorraad was skerp toenames in kredietverlening deur die monetêre instellings aan die regering- en private sektor. Die netto kredietverlening aan die regeringsektor het toegeneem as gevolg van

die gesamentlike invloed van die banke se toename in die besit van regeringsekuriteite en 'n afname in regeringsdeposito's by die banksektor. Bankkrediet aan die private sektor het teen 'n hoë koers bly groei, maar vergeleke met die eerste kwartaal, is 'n groter deel van hierdie toename aan die private maatskappysektor pleks van private huishoudings toegewys.

Die finansiële markte is in die eerste helfte van 1996 grootliks beïnvloed deur ontwikkelings in die internasionale finansiële markte en die depresiasie van die rand. In reaksie op die opwaartse regstelling van die langtermynopbrengskoers op die Amerikaanse effektemark, het die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte in Februarie begin verstewig. Hierdie opwaartse beweging in die opbrengskoers op effekte is aangespoor deur die depresiasie van die rand. Die toename in Bankkoers op 29 April 1996 het oënskynlik die besorgdheid van die binnelandse en buitelandse beleggers getemper toe langtermynopbrengkoerse van die middel van Mei 1996 en gedurende Junie begin het om terug te sak. Toe 'n verdere rondte van swakheid in die wisselkoers in Julie die markte begin beïnvloed het, het die afwaartse beweging in die langtermynopbrengskoers tot 'n einde gekom en het opbrengskoerse opnuut begin styg.

Korttermyngeldmarkkoerse het traag op veranderinge in die effektemark gereageer: korttermynkoerse het eers laat in April begin verander op 'n wyse wat naastenby met die veranderinge in die langtermynopbrengskoerse ooreengestem het. Sedert die begin van Mei het korttermynrentekoerse min of meer in ooreenstemming met langtermynopbrengskoerse verander. Die opbrengskoerskromme, wat tussen Januarie en Mei 1996 opwaarts beweeg het, het gedurende Augustus na 'n laer vlak beweeg, maar sy algemene plat en effens omgekeerde vorm behou.

In die primêre effektemark het instellings in die openbare sektor in die eerste helfte van 1996 nuwe sekuriteite uitgereik tot 'n bedrag wat aansienlik laer was as die waarde van netto nuwe uitgites in die ooreenstemmende tydperk van 1995. Genoteerde maatskappye in die private sektor was gedurende die eerste twee kwartale van 1996 afwesig van die primêre effektemark. Hierdie maatskappye het hulle ook daarvan weerhou om effekte op die buitelandse kapitaalmarkte uit te reik, in teenstelling met sommige van hul nie-finansiële eweknieë in die openbare sektor wat 'n teenwoordigheid op die internasionale effektemark gehandhaaf het. Nietemin het die kapitaalbedrag wat genoteerde maatskappye in die vorm van nuwe aandele-uitgites opgeneem het, vanaf die eerste tot die tweede kwartaal van 1996 taamlik skerp toegeneem. Die betreklik hoë koste om in die effektemark te leen het klaarblyklik die maatskappysektor se voorkeur vir ander finansieringsbronne as effekte-uitreikings verhoog, waaronder interne bronne en aandele-uitreikings.

In die geheel gesien, het aandelepryse naastenby bestendig gebly op 'n vlak wat aan die begin van 1996

bereik is. Sedert Junie is die afname in goudmyn-aandeelpryse aanvanklik deels teengewerk deur 'n nuutgevonde verstewiging in die pryse van nywerheids- en handelsaandele, maar die gemiddelde pryse van alle aandele het nietemin van Mei tot Augustus 1996 afgeneem. Die bedrywigheid in die sekondêre effekte- en aandelemark het lewendig gebly en die maandelikse omset was gedurende die eerste agt maande van die jaar op 'n hoë vlak. Nieteenstaande die depresiasie van die rand, het nie-inwoners van Mei tot Julie 1996 netto aankopers van effekte en aandele gebly, maar daarna in Augustus netto verkopers geword.

Geldmarktoestande is sterk beïnvloed deur die vlak van netto buitelandse reserwes, maar het oor die algemeen stram gebly gedurende die tweede kwartaal van 1996 en in Julie en Augustus. In April 1996 het die bedrag aan akkommodasie wat die Reserwebank aan private banke moes verleen, 'n ongekende hoë vlak bereik toe die vernouende uitwerking van 'n skerp afname in netto reserwes vererger is deur 'n toename in regeringsdeposito's by die Bank. Die stram toestande het daarna effens minder stram geword namate regeringsdeposito's by die Bank afgeneem en die netto buitelandse reserwes sporadies verbeter het. Die geldmark is ondersteun deur gepaste aanpassings in die bateportefeulje van die Korporasie vir Openbare Deposito's en deur ruiloorreënkomste tussen die Reserwebank en private banke wanneer toestande baie stram geword het.

Die leningsbehoefte van die openbare sektor, uitgedruk as 'n persentasie van die bruto binnelandse produk, het effens verswak van die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1995/96 tot die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1996/97. Dit kon hoofsaaklik toegeskryf word aan die versterking van die administratiewe vermoë van sommige van die nuwe provinsiale regerings wat heelwat van die probleme wat voorheen met die lewering van owerheidsdienste ondervind is, opgeklaar het. Op die vlak van die Hoofbegroting is die leningsbehoefte egter vanaf die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1995/96 tot die eerste kwartaal van 1996/97 wesenlik verlaag. Die toename in skatkisuitreikings in die eerste vier maande van die fiskale jaar 1996/97 was effens laer as die toename wat in die Begroting vir die volle jaar voorsien is, terwyl skatkisontvangstes effens hoër as die begrotingsramings was.

'n Belangrike gebeurtenis gedurende die tweede kwartaal was die aankondiging op 14 Junie 1996 van die regering se makro-ekonomiese strategie vir groei, werkverskaffing en herverdeling. Die hoofdoel met die strategie is om groei teen die jaar 2000 tot 6 persent per jaar te verhoog en om nuwe werkgeleenthede tot 'n jaarlikse gemiddelde van 270 000 in die tydperk van 1996 tot 2000 te laat toeneem.

Ten einde die ekonomie op 'n hoër groeipad te plaas, sal 'n aantal maatreëls aan die aanbodkant in werking gestel word, met inbegrip van sekere belas-

tingaansporings vir goedgekeurde projekte. Die doelstelling met hierdie maatreëls is om investeringsvloeiinge te herlei na gebiede en nywerhede wat die uitvoergerigtheid van Suid-Afrikaanse produsente sal verbeter. Dit sal versterk word deur 'n proses van tariefverlagings wat na verwagting investering sal aanmoedig in nywerhede waarin die land 'n bewese mededingingsvoordeel het. 'n Sleutelement van die strategie is dat die reële wisselkoers bestendiger behoort te word, wat as noodsaaklik beskou word vir uitvoergroei en om langtermyninvestering na die ekonomie te lok.

Die Minister van Finansies het die regering se verbintenis om inflasie te bekamp herbevestig en aangedui dat die implementering van die strategie na verwagting hierdie verbintenis sal versterk en die oormatige las op monetêre beleid, as die belangrikste instrument om makro-ekonomiese ewewig te bereik, sal verlig. Fiskale beleid sal versterk word deur 'n vermindering van die begrotingstekort tot 4 persent van die bruto binnelandse produk in die 1997/98 fiskale jaar teenoor die 5,1 persent wat vir die jaar 1996/97 in die vooruitsig gestel word. Verdere verlagings tot 3 persent van die bruto binnelandse produk word vir die daaropvolgende jare aangedui.

Die hele begrotingsproses gaan hersien word en dit word voorsien dat toekomstige neigings in owerheidsbesteding as deel van 'n mediumtermynbestedingsplan bepaal sal word. Die herverdelingskrag vir die jaarlikse regeringsbesteding aan maatskaplike dienste soos onderwys, gesondheidsorg, welsyn en behuising sal binne hierdie langtermyn fiskale begrotingsraamwerk versterk word. 'n Program vir die herstrukturering van staatsbates vorm deel van dié strategie. Hierdie program sal aangeleenthede rakende die eienaarskap en bestuur van staatsbates aanspreek.

Die Minister het die verslapping van verskeie valuta-beheermaatreëls as 'n integrale deel van die strategie aangekondig. Dit het ingesluit die opheffing van beperkings op die binnelandse leningsvermoë van instellings wat deur nie-inwoners besit word, die verdubbeling in grootte van die fasiliteit wat binnelandse institusionele beleggers gegun word om buitelandse bates deur middel van ruiloorreënkomste met buitelandse teenpartye te bekom en die verlening van toestemming aan sekere plaaslike instellings om gedurende 1996 buitelandse geldoordragte aan te gaan gelykstaande aan tot 3 persent van hul binnelandse lopende inkomste-oorskot in 1995.

Die strategie erken dat arbeidsmarkinstellings buigsaam genoeg moet wees om 'n verlies aan werkgeleenthede te verhoed. Die Minister het ook tot die slotsom gekom dat 'n nasionale maatskaplike ooreenkoms tussen die regering en sy sosiale bondgenote 'n belangrike rol kan speel om 'n omgewing te skep vir vinnige groei en 'n versnelde lewering van owerheidsdienste.

Binnelandse ekonomiese ontwikkelings

Binnelandse produksie

Die groei in die reële bruto binnelandse produk, teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 3½ persent in die eerste kwartaal van 1996, is in die tweede kwartaal volgehou. Hierdie groei was hoër as enige van die groeikoerse van kwartaal tot kwartaal wat in 1995 aangeteken is en het die reële bruto binnelandse produk in die eerste helfte van 1996 op 'n vlak gebring wat bykans 3 persent hoër was as die vlak wat in die eerste helfte van 1995 bereik is.

Net soos in die eerste kwartaal van 1996, het die belangrikste stukrag vir groei in die tweede kwartaal van 'n sterk styging in die reële produksie van die landbou-sektor gekom. Die uitstekende weerstoestande gedurende die afgelope somer het die produksievlakke in al die subsektore van die landbou in die tweede kwartaal van 1996 verhoog. Die jongste ramings dui ook daarop dat slegs een derde van die verwagte mielie-oes van meer as 9½ miljoen ton teen die einde van die tweede kwartaal ingesamel was, vandaar die verwagting van 'n verdere sterk toename in die reële toegevoegde waarde van die landbousektor in die derde kwartaal van 1996.


Die totale produksie in die mynbousektor, wat sedert die derde kwartaal van 1995 van kwartaal tot kwartaal teen agtereenvolgende jaarkoerse van 6 persent, 2½ persent en ½ persent gestyg het, het in die tweede kwartaal van 1996 met 1 persent afgeneem. Goudproduksie, in die besonder, het in die eerste twee kwartale van 1996 teen 'n gemiddelde jaarkoers van 6½ persent gedaal as gevolg van moeilike bedryfstoeestande wat

Tabel 1. Reële bruto binnelandse produk

Persentasieverandering teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse

Sektore	1995		1996	
	3e kw	4e kw	1e kw	2e kw
Primêre sektore	-4½	1	22½	12½
Landbou.....	-23	-2½	80	41
Mynbou.....	6	2½	½	-1
Sekondêre sektore	1½	-1½	½	1½
Fabriekswese	1	-3	-½	1
Elektrisiteit, gas en water.....	3	3½	5	4
Tersiêre sektore	4½	4	½	2½
Handel.....	8½	9	-2	4½
Vervoer.....	6	3½	1	1½
Finansiële dienste	4	2½	3	3
Nie-primêre sektore	3	2	½	2
Totaal	3	2½	3½	3½

Reële bruto binnelandse produk



deur verskeie goudmyne ondervind is. Stappe wat gedoen is om die produktiewe lewensduur van grenswinsmyne teen die agtergrond van 'n styging in die randprys van goud te verleng, het die goudinhoud van die erts wat gemaak is, laat afneem. Die reële toegevoegde waarde van nie-goudmyne het in die eerste helfte van 1996 skerp gestyg tot 'n vlak wat die produksievlakke in die eerste helfte van 1995 met ongeveer 6 persent oorskry het.

Hoewel die groei in die reële produksie in die nie-primêre sektore van die ekonomie van 'n jaarkoers van ½ persent in die eerste kwartaal van 1996 versnel het, was dit in die tweede kwartaal steeds op die ietwat beskeie vlak van 2 persent. Die groei in die reële produksie van die fabriekswese wat in die vierde kwartaal van 1995 met 3 persent en in die eerste kwartaal van 1996 met ½ persent gedaal het, het 'n betekenisvolle bydrae gemaak tot die hoër groei in reële produksie van die nie-primêre sektore, toe dit in die tweede kwartaal tot 1 persent gestyg het. Fabrieksproduksie is in die tweede kwartaal gunstig beïnvloed deur die voorwaartse en rugwaartse skakelings van die hoër landbouproduksie, die bestendigheid van die binnelandse vraag na verbruikers- en investeringsgoedere en die groter mededingingskrag van plaaslike vervaardigers in

die uitvoermarkte, danksy die onlangse verswakking van die wisselkoers van die rand. Die reële toegevoegde waarde van die sektor wat *elektrisiteit, gas en water* voorsien en die *konstruksiebedryf* het in die tweede kwartaal van 1996 bestendig toegeneem, hoewel teen groeikoerse wat effens laer was as die wat in die eerste kwartaal aangeteken is.

Die bedrywigheid in die *tersiêre sektore* het ook in die tweede kwartaal verstewig en die groei in die reële toegevoegde waarde van hierdie sektore het van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van ½ persent in die eerste kwartaal van 1996 tot 2½ persent in die tweede kwartaal versnel. Die reële toegevoegde waarde in die *handelsektor*, wat in die eerste kwartaal teen 'n jaarkoers van 2 persent gedaal het, het in die tweede kwartaal met 4½ persent gestyg. Hierdie sektor in die algemeen en die *motorhandel* in die besonder, is bevoordeel deur sterk vooruitaankope van verbruiks- en kapitaalgoedere deur huishoudings en sakeondernemings in 'n poging om verwagte prysstygings die hoof te bied. Die groei in die reële toegevoegde waarde van die sektor *vervoer, opberging en kommunikasie* het van 1 persent in die eerste kwartaal van 1996 tot 1½ persent in die tweede kwartaal versnel toe toenemende hoeveelhede landbouprodukte en ander internasionaal verhandelbare goedere vervoer moes word. Die groei in die reële toegevoegde waarde van die *finansiële dienstesektor* is aangehelp deur die stygings in die omset van die markte vir buitelandse valuta, effekte en aandele in die eerste ses maande van die jaar.

Binnelandse besteding


Die groei in die totale *reële bruto binnelandse besteding* wat gewoonlik aan aansienlike wisselings onderhewig is, het teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers

Tabel 2. Reële bruto binnelandse besteding

Persentasieverandering teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse

Komponente	1995		1996	
	3e kw	4e kw	1e kw	2e kw
Private verbruiksbesteding	6½	5	3	4
Verbruiksbesteding deur die algemene owerheid	2	2	3	3
Bruto binnelandse vaste investering	7½	4	7	5½
Verandering in voorrade (R miljarde)	6,9	6,3	2,7	6,0
Bruto binnelandse besteding	1	4½	-1½	9

Reële bruto binnelandse besteding



bereken, 9 persent in die tweede kwartaal van 1996 bedra; in die eerste kwartaal het die reële bruto binnelandse besteding met 1½ persent gedaal. Hierdie ommekeer in die totale binnelandse besteding was die gevolg van 'n versnelling in die groei van kwartaal tot kwartaal in reële private verbruiksbesteding en 'n onverwagse skerp toename in voorraadopbouing. Die reële verbruiksbesteding deur die algemene owerheid het teen min of meer dieselfde koers as in die eerste kwartaal toegeneem, terwyl die reële bruto binnelandse vaste investering 'n lewendige koers van toename gehandhaaf het, hoewel dit effens stadiger was as in die eerste kwartaal van 1996. Alles in ag genome, was die vlak van die reële bruto binnelandse besteding 3½ persent hoër in die eerste helfte van 1996 as in die eerste helfte van 1995.

Die reële *private verbruiksbesteding*, wat van 'n groeikoers van 5 persent in die vierde kwartaal van 1995 tot 3 persent in die eerste kwartaal van 1996 verlangsaam het, het in die tweede kwartaal teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 4 persent toegeneem. Hierdie stewige groei in die reële besteding van huishoudings aan verbruiksgoedere en -dienste kon veral in die hoër besteding aan duurzame goedere waargeneem word; hierdie soort besteding van huishoudings



het in die tweede kwartaal van 1996 teen 'n jaarkoers van 13½ persent toegeneem. Groter aankope van vervoertoerusting, wat aangewakker is deur verwagtings van toekomstige prysstygings weens die depresiasie van die rand, was hoofsaaklik vir die skerp toename in die reële verbruiksbesteding aan duursame goedere verantwoordelik. Die groei in reële besteding deur huishoudings aan semi-duursame goedere, soos tekstiele en huishoudelike toebehore en klerasie en skoeisel, het effens van 5 persent in die eerste kwartaal van 1996, tot 4½ persent in die tweede kwartaal verlangsaam. Die koers van toename van die reële besteding aan nie-duursame goedere het ook effens verlangsaam, terwyl die besteding aan dienste in die tweede kwartaal 'n bestendige opwaartse momentum volgehou het.

Die betreklike sterk styging in die reële besteding van huishoudings aan verbruikersgoedere en -dienste in die eerste helfte van 1996 is aangehelp deur 'n bestendige groei teen 'n jaarkoers van 3½ persent in die reële persoonlike beskikbare inkome. Dit kon hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n aansienlike styging in boerdery-inkomste, wat deur hoër dividendontvangste vanaf maatskappye versterk is. Hierbenewens het private huishoudings voortgegaan om lopende verbruiksbesteding in 'n aansienlike mate met skuld te finansier.

Die *reële verbruiksbesteding deur die algemene owerheid* het in die eerste en tweede kwartaal van 1996 teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 3 persent gestyg. Dit het die vlak van reële verbruiksbesteding deur die algemene owerheid in die eerste helfte van 1996 op 'n vlak gebring wat 2½ persent hoër was as in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar; in die kalenderjaar 1995 het hierdie soort verbruiksbesteding met slegs ½ persent gestyg. Ondanks hierdie verstewiging van die groei in besteding, het die verbruiksbesteding deur die algemene owerheid as 'n persentasie van die bruto binnelandse produk, nietemin van 20½ persent in die eerste kwartaal van 1996 tot 20 persent in die tweede kwartaal gedaal. Wat opvallend was, is dat die onlangse hoër groei in die reële besteding eerder die gevolg was van hoër besteding deur die algemene owerheid aan intermediêre goedere en dienste, as van hoër besteding aan werknemersvergoeding.

Hoewel die groei in die *reële bruto binnelandse vaste investering* van 7 persent in die eerste kwartaal van 1996 verlangsaam het, was dit in die tweede kwartaal teen 'n jaarkoers van 5½ persent steeds betreklik hoog. Gemeet oor 'n tydperk van een jaar, het die vlak van totale reële vaste investering in die eerste helfte van 1996 die vlak in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar met 6½ persent oorskry; hierdie groeikoers was aansienlik laer as die groei van 10 persent wat in 1995 in die geheel aangeteken is. Die toename in vaste investering in die tweede kwartaal van 1996 kon hoofsaaklik in die kapitaalvorming van die private sektor en die openbare owerhede waargeneem word, terwyl die reële vaste investering deur die open-

Komponente van bruto binnelandse besteding



bare korporasies min of meer gehandhaaf is op die vlak van besteding wat in die eerste kwartaal aangeteken is.

Die koers van toename in die reële *vaste investering van die private sektor*, wat toenemend gedaal het van 'n jaarkoers van 8½ persent in die derde kwartaal van 1995 tot 3 persent in die eerste kwartaal van 1996, het in die tweede kwartaal tot 6½ persent versnel. Volgens 'n indeling per sektor van ekonomiese bedrywigheid, het al die hoofsektore, behalwe die mynwese, in die tweede kwartaal van 1996 aan die uitbreiding van investeringsbedrywigheid deelgeneem. Die toename in die investering in masjinerie en toerusting, met inbegrip van vervoertoerusting deur die landbousektor en die private fabriekswese, was veral opvallend. Dit dui daarop dat van die kapitaalbesteding moontlik vroeër gedoen is om prysstygings vry te spring wat na verwagting op die verswakking van die rand sedert Februarie 1996 kon volg. Van besondere belang is dat 'n aansienlike deel van die nuwe produksievermoë in die private fabriekswese bestem is om die uitvoerpotensiaal van Suid-Afrika te bevorder.

Nuwe produksievermoë is in die tweede kwartaal van 1996 in die groot-, klein- en motorhandel geskep. Besteding aan die verkryging van nuwe masjinerie en vervoertoerusting wat deur bruikhuurkontrakte gefinansier is, het in die tweede kwartaal van 1996 in 'n sterk styging in die reële kapitaalkvorming van die finansiële sektor tot uiting gekom. Terselfdertyd het toenames in die reële besteding aan die oprigting en verbetering van private woongeboue, wat sedert die begin van 1995 betreklik stil was, tekens van hernieuwe groeikrag getoon.

Reële vaste investering deur die *openbare korporasies* het in die tweede kwartaal van 1996 slegs matig toegeneem. Toenames in die kapitaalbesteding deur die departemente van die algemene owerheid, veral op provinsiale regeringsvlak, het die groei in die reële vaste investering deur die *openbare owerhede* van 2 persent in die eerste kwartaal van 1996 tot 4½ persent in die tweede kwartaal laat verstewig. Dit kan 'n aanduiding wees van die begin van 'n versnelde program vir die voorsiening van openbare dienste dwarsdeur die land.

Die verlangsaming in die *reële investering in voorrade* sedert die tweede kwartaal van 1995 is in die tweede kwartaal van 1996 omgekeer. Terwyl die verandering in die reële voorraadinvestering die groeikoers van die reële bruto binnelandse produk in die eerste kwartaal van 1996 met 5 persentasiepunte verlaag het, het dit in die tweede kwartaal 4½ persentasiepunte tot die totale groei bygedra. Die toename in voorrade in die tweede kwartaal van 1996 kan toegeskryf word aan die skerp toenames in die invoer van ru-olie en ander handelsware voor die verwagte prysstygings wat kan volg op die daling in die waarde van die rand. Die verhouding van nywerheids- en handelsvoorrade tot die bruto binnelandse produk in die sektore van die ekonomie buite die landbou het gevolglik van 18 persent in die eerste kwartaal van 1996 tot 18½ persent in die tweede kwartaal toegeneem.


Faktorinkome en besparing

Die groei oor vier kwartale in die *totale nominale faktorinkome*, teen markpryse bereken, het van 'n gemiddelde van 11½ persent in die laaste twee kwartale van 1995 tot 10½ persent in die eerste kwartaal van 1996 verlangsaam, maar in die tweede kwartaal het dit weer tot 12 persent versnel. Hierdie versnelling kan hoofsaaklik aan die vinniger groei in die totale *bruto bedryfsurplusse* toegeskryf word: die groei oor vier kwartale in hierdie totaal, wat voorheen taamlik matig van 13½ persent in die vierde kwartaal van 1995 tot 14 persent in die eerste kwartaal van 1996 versnel het, het in die tweede kwartaal van 1996 tot 'n stewige 17½ persent gestyg.

Die sterk styging in die bruto bedryfsurplusse was hoofsaaklik die gevolg van die aansienlik gesonder finansiële posisie van die boerderygemeenskap en die verstewiging van die winsgewendheid in die mynboubedryf. Die winsgewendheid van die mynwese, wat in die jongste jare deur deurlopende kostebesparings versterk is, het in die tweede kwartaal van 1996 'n aansienlike hupstoot gekry deur die styging in die nominale uitvoerverdienste as gevolg van die depresiasie van die rand.

In teenstelling met die versnelling in die groei van die bruto bedryfsurplusse, het die toename oor vier kwartale in die *totale vergoeding van werknemers* van 11 persent in die vierde kwartaal van 1995 tot 9½ persent in die eerste en tweede kwartaal van 1996 ver-

Komponente van bruto binnelandse produk



langzaam. Aangesien die koers van toename oor vier kwartale in die nominale vergoeding *per werker* sedert die derde kwartaal van 1995 versnel het, moet die onlangse verlangsamings in die groei van die totale arbeidsvergoeding aan verdere verminderings in werkverskaffing toegeskryf word. Die totale vergoeding van werknemers as 'n persentasie van die bruto binnelandse produk het nou van 60½ persent in die tweede kwartaal van 1995 tot 59 persent in die tweede kwartaal van 1996 gedaal.

Die verhouding van die *bruto binnelandse besparing* tot die bruto binnelandse produk het in die eerste helfte van 1996 gebly op die betreklik lae vlak van 16½ persent wat aan die einde van 1995 aangeteken is. Die hoogs kwesbare besparingsverhouding van die ekonomie was die netto gevolg van 'n verswakking in die bestaande lae persoonlike besparingsverhouding en die volgehoue ontsparring deur die algemene owerheid wat gelukkig deur 'n verbetering in die vlak van maatskappybesparing teengewerk is.

Netto maatskappybesparing, as 'n persentasie van die bruto binnelandse produk, het 6 persent in die tweede kwartaal van 1996 bedra, vergeleke met 5½ persent in die ooreenstemmende kwartaal van 1995. Dit het maatskappye in staat gestel om 'n groot deel van hul besteding aan vaste investering in die tweede kwartaal van 1996 uit eie bronne te finansier. *Netto besparing deur private huishoudings* as 'n persentasie van die bruto binnelandse produk het van 1 persent in 1995 tot ½ persent in die eerste en tweede kwartale


van 1996 verswak. Hardnekkige gewoontes en die geredelike beskikbaarheid van kredietgeriewe wat huishoudings aanmoedig om deurlopend meer as hul persoonlike beskikbare inkome te bestee, is waarskynlik die vernaamste oorsake vir die swak besparingsvertooning van private huishoudings.

Werkverskaffing


Die skepping van nuwe werkgeleenthede ingevolge die makro-ekonomiese strategie van die regering is 'n belangrike metode om die probleme van algehele armoede en ongelykheid in die verdeling van inkome aan te spreek. Daarom moet die swak reaksie van werkverskaffing in die formele sektor op die huidige herstel in die totale ekonomiese bedrywigheid beskou word as een van die dringendste probleme wat beleidmakers in die gesig staar. Terwyl die reële bruto binnelandse produk tussen die tweede kwartaal van 1993 en die eerste kwartaal van 1996 met 8,8 persent toegeneem het, het die aantal werkers in diens van die formele sektore van die ekonomie buite die landbou oor dieselfde tydperk met 0,2 persent afgeneem. Die koers van werkskepping sedert die onderste draaipunt van die werkverskaffingsiklus in 1994, het ook nie die regering se mikpunt van 'n gemiddelde jaarlikse totaal van 270 000 nuwe werkgeleenthede oor die jare van 1996 tot die jaar 2000 behaal nie.

Die totale werkverskaffing in die formele sektore van die ekonomie buite die landbou het vir die eerste keer in ses jaar 'n toename van jaar tot jaar getoon toe dit

Bruto binnelandse besparing as persentasie van bruto binnelandse produk



Werkverskaffing buite die landbou



Tabel 3. Werkverskaffing in die sektore van die ekonomie buite die landbou

Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse

Kwartaal	Private sektor	Openbare owerhede	Totaal
1994: 1e kw.....	-1,6	-0,2	-1,1
2e kw.....	0,2	-6,5	-2,1
3e kw.....	1,2	4,5	2,3
4e kw.....	1,5	10,2	4,4
1995: 1e kw.....	1,1	-3,9	-0,7
2e kw.....	1,2	-7,2	-1,7
3e kw.....	-1,6	3,9	0,2
4e kw.....	-0,3	8,5	2,6
1996: 1e kw.....	-6,0	3,0	-3,0

met 0,7 persent in 1995 gestyg het. Die groei van kwartaal tot kwartaal in die totale werkverskaffing het gedurende 1995 tussen matige afnames in die eerste helfte van die jaar en ietwat sterker toenames gedurende die tweede helfte gewissel. Dit is in die eerste kwartaal van 1996 gevolg deur 'n skerp afname in die totale werkverskaffing. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het hierdie afname in werkverskaffing in die nie-landbousektore 3,0 persent beloop, wat die vlak van indiensneming laer laat beweeg het as wat dit aan die einde van 1994 was. Dit beteken in werklikheid dat al die nuwe werkgeleenthede wat in 1995 geskep is, in een kwartaal ongedaan gemaak is. (Die eerste kwartaal van 1996 is die jongste tydperk waarvoor inligting deur die Sentrale Statistiekdiens beskikbaar gestel is.)

Die afname in die totale werkverskaffing in die sektore van die ekonomie buite die landbou kon in die eerste kwartaal van 1996 geheel en al aan 'n afname in werkverskaffing deur ondernemings in die *private sektor* toegeskryf word. Na 'n volgehoue toename vir vyf opeenvolgende kwartale van die tweede kwartaal van 1994 tot die tweede kwartaal van 1995 in die werkverskaffing in die private sektore van die ekonomie buite die landbou, het dit teen koerse van 1,6 persent in die derde kwartaal, 0,3 persent in die vierde kwartaal van 1995 en 6,0 persent in die eerste kwartaal van 1996 begin afneem. Die skerp afname in die eerste kwartaal van 1996 het hoofsaaklik in die fabriekswese, die konstruksiebedryf, groot- en kleinhandel en die goudmynbousektor plaasgevind. Vasbeslote kostebesnoeiing deur Suid-Afrikaanse produsente ten einde markaandeel in 'n toenemend oop en mededingende besigheidsomgewing te behou en uit te brei, het sedert die begin van die huidige herstel in die algemene ekonomiese bedrywigheid, tot 'n afname van 2,5 persent in die werkskepping deur die private sektor bygedra. Dit kon moontlik in 'n mate versag gewees het deur die groei in werkverskaffing in die informele ekonomie wat

tot dusver nog nie gemeet word nie.

Hoewel die totale werkverskaffing deur die *openbare owerhede* in die eerste twee kwartale van 1995 teruggesak het, het dit 'n geringe styging van 1994 tot 1995 getoon. Die gemiddelde vlak van werkverskaffing deur die openbare sektor in 1995 was 0,5 persent hoër as in 1994. Sterk toenames teen jaarkoerse van 3,9 persent in die derde kwartaal en 8,5 persent in die vierde kwartaal van 1995, is in die eerste kwartaal van 1996 verder gevoer toe totale werkverskaffing deur openbare owerhede weer eens met 3 persent toeneem het. Verhoogde werkverskaffingstotale deur departemente van die sentrale regering was hoofsaaklik verantwoordelik vir die onlangse toename in die werkverskaffing deur die openbare sektor.

'n Vergelyking tussen die beraamde ekonomiese bedrywige bevolking en die groei in werkverskaffing in die formele sektor dui daarop dat bykans een miljoen potensiële werkers nie in staat was om sedert die begin van die huidige ekonomiese oplewing werk in die formele sektore van die ekonomie te bekom nie. Dit is onwaarskynlik dat diegene wat van indiensneming in die formele sektor uitgesluit was, almal in die informele sektor geholpe sou raak. 'n Toenemende getal werkloses is dus vir hul bestaan afhanklik van 'n kwynende getal werkers in die formele ekonomie. Ten einde die talle maatskaplike probleme van Suid-Afrika aan te spreek, in besonder dié van algehele armoede, is dit noodsaaklik dat die groeimomentum en die arbeidsabsorberingsvermoë van die ekonomie versterk moet word. Daar word verwag dat die volle inwerkingstelling van die regering se makro-ekonomiese strategie vir groei, indiensneming en herverdeling 'n sleutelrol sal speel in die ommekeer van neigings in werkverskaffing in die jongste jare.

Arbeidskoste en produktiwiteit

Die gemiddelde nominale vergoeding per werker het van 10,4 persent in 1993 tot 11,9 persent in 1994 versnel – dit was die eerste volledige kalenderjaar van ekonomiese oplewing en 'n jaar waarin verwagtinge oor die groei van inkomste hoog was as gevolg van die politieke oorgang wat die land beleef het. Loonooreenkomste laer as dié van 1994, het daarna toegelaat dat die groei in nominale vergoeding per werker in 1995 tot 9,4 persent teruggesak het. Dit was die eerste enkelsyfertoenname in die nominale vergoeding per werker sedert 1972.

Die vordering wat tussen 1994 en 1995 met die verlangsaming van groei in die nominale vergoeding per werker gemaak is, word deur onlangse versnellings in salaris- en loonverhogings bedreig. Die koers van toename oor vier kwartale in die nominale vergoeding per werker, wat van 14,5 persent in die tweede kwartaal van 1994 tot 7,3 persent in die tweede kwartaal van 1995 afgeneem het, het tot 8,9 persent in die derde kwartaal, 10,1 persent in die vierde kwartaal en 11,5 persent in die eerste kwartaal van 1996 versnel.

Die koers van toename van jaar tot jaar in die nomi-

nale vergoeding per werker in die *private sektor* het van 10,0 persent in 1994 tot 11,2 persent in 1995 versnel. Die koers van toename oor vier kwartale in die nominale vergoeding van werkers in die private sektor was meer as 10 persent in elke kwartaal sedert die eerste kwartaal van 1995 en het 12,3 persent in die eerste kwartaal van 1996 bedra.

In teenstelling met die verandering in die nominale vergoeding per werker in die private sektor, het die verhoging in vergoeding per werker in die *openbare sektor* van 14,9 persent in 1994 tot 6,5 persent in 1995 afgeneem. In die tweede kwartaal van 1995 was die gemiddelde vergoeding van werkers in die openbare sektor 1,3 persent laer as die vlak waarop dit 'n jaar tevore was. (In die tweede kwartaal van die vorige jaar het werkersvergoeding in die openbare sektor tydens die algemene verkiesing buitensporig toegeneem.) Die koers van verandering oor vier kwartale in die gemiddelde nominale vergoeding van werkers in die openbare sektor het egter in die derde kwartaal van 1995 skerp begin toeneem en toenames van 5,9 persent is in die derde kwartaal en 8,8 persent in die vierde kwartaal aangeteken. Die koers van toename het in die eerste kwartaal van 1996 verder tot 9,9 persent versnel.

Die koers van toename van jaar tot jaar in die *reële vergoeding per werker* in die sektore van die ekonomie buite die landbou (soos gedefleer met die prysdeflator vir die bruto binnelandse produk buite die landbou) het van 3,2 persent in 1994 tot 0,8 persent in 1995 verlangsaam. Aangesien die nominale vergoeding per werker vinniger as die eindprodukpryse gestyg het, het die koers van toename oor vier kwartale in die reële vergoeding per werker sedert die derde kwartaal van 1995 versnel. 'n Koers van toename oor vier kwartale van 0,5 persent in die derde kwartaal van 1995 is deur toenames van 0,9 persent in die vierde kwartaal en 2,3 persent in die eerste kwartaal van 1996 gevolg.

Die koers van toename van jaar tot jaar in die *arbeidsproduktiwiteit* in die sektore van die ekonomie buite die landbou het van 2,7 persent in 1994 tot 3,1 persent in 1995 versnel – die hoogste koers van toename in 'n kalenderjaar sedert 1984. Die groei in produktiwiteit oor vier kwartale is teen betreklik hoë koerse van 3,6 persent in die derde kwartaal en 3,3 persent in die vierde kwartaal van 1995, en 3,1 persent in die eerste kwartaal van 1996 gehandhaaf. Hierdie sterk vertoning in die groei van produktiwiteit sedert die derde kwartaal van 1995 was ten koste van 'n afname in die totale werkverskaffing, maar is ook aangehelp deur 'n daling van bykans 60 persent in die getal madae wat as gevolg van stakings en ander werkstopsettings in 1995 verlore gegaan het.

Die verlangsaaming in die nominale vergoeding van werkers en die toename in produktiwiteit was gesamentlik verantwoordelik vir 'n stadiger koers van toename in die *nominale arbeidseenheidskoste* van 17,2 persent in 1990 tot 6,0 persent in 1995. Hierdie ver-

Nominale arbeidseenheidskoste



langsaming het natuurlik aansienlik bygedra tot die daling in prysinflasie gedurende die vroeë negentigerjare. Die toename oor vier kwartale in die nominale arbeidseenheidskoste het van 11,2 persent in die tweede kwartaal van 1994 tot 4,0 persent in die tweede kwartaal van 1995 verlangsaam, maar tot 5,1 persent in die derde kwartaal, 6,6 persent in die vierde kwartaal en 8,1 persent in die eerste kwartaal van 1996 versnel. Indien hierdie versnelling in arbeidseenheidskoste volgehou word, mag dit met verloop van tyd opwaartse druk op eindprodukpryse plaas.

Pryse

Die inflasiekoers, soos gemeet aan veranderinge oor tydperke van twaalf maande in die produksie- en verbruikersprysindekse, het sedert die begin van 1995 skerp afgeneem. As gevolg hiervan het die gemiddelde jaarlikse inflasie in verbruikerspryse tot 8,7 persent in 1995 gedaal, wat die laagste koers is wat sedert die 6,1 persent van 1972 aangeteken is. Onder die belangrikste faktore wat tot hierdie verlangsaaming in prysinflasie bygedra het, is:

- die volgehoue toepassing van 'n monetêre beleid gerig op die bekamping van inflasie;
- die daling in inflasieverwagtings vanweë die groter geloofwaardigheid in monetêre beleid;
- die verlangsaaming in die groei van die nominale vergoeding per werker;
- die sterkte van produktiwiteitsgroei sedert die

- begin van die ekonomiese herstel;
- die hervorming van buitelandsehandelsbeleid en vermindering in invoertariewe;
 - die betreklike sterk wisselkoers van die rand van Mei 1995 tot Januarie 1996; en
 - uitstekende weerstoestande in die tweede helfte van 1995 en aan die begin van 1996 wat veroorsaak het dat voedselpryse stadig toegeneem en by tye selfs gedaal het.

Die veranderings van maand tot maand in die verbruikerspryse het egter onlangs begin versnel wat kan beteken dat die inflasiekoers, soos gemeet aan die koers van toename in verbruikerspryse oor tydperke van twaalf maande, mag styg.

Die verlangsamings in die tweede helfte van 1995 in die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename van kwartaal tot kwartaal in die pryse van *ingevoerde goedere* was hoofsaaklik die gevolg van die effense verstewiging in die wisselkoers van die rand van die tweede kwartaal van 1995 tot aan die begin van 1996. Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal het in die eerste kwartaal van 1996 tot 6,0 persent en in die tweede kwartaal tot 7,0 persent versnel namate die verswakking van die wisselkoers sedert Februarie 1996 die koste van ingevoerde goedere begin beïnvloed het. Die koers van toename in die pryse van ingevoerde goedere, gemeet oor tydperke van twaalf maande, het ook in Mei en Junie 1996 versnel.

Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die pryse van *binnelands geproduseerde goedere* het naastenby in reaksie op die verlangsamings in nominale arbeidseenheidskoste, per saldo van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 13,6 persent in die eerste kwartaal van 1995 tot 4,9 persent in die eerste kwartaal van 1996 afgeneem; dit het egter daarna tot 6,2 persent in die tweede kwartaal versnel, toe arbeidskoste in die algemeen vinniger as voorheen toe-

Tabel 4. Produksiepryse en onderliggende inflasie


Veranderings van kwartaal tot kwartaal teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse

	1995		1996	
	3e kw	4e kw	1e kw	2e kw
Produksiepryse				
Binnelands geproduseerde goedere	3,7	9,8	4,9	6,2
Ingevoerde goedere	-0,5	2,8	6,0	7,0
Alle goedere	2,8	7,9	5,1	6,3
Onderliggende verbruikersprysinflasie	5,6	6,5	6,5	9,1

geneem het. Die koers van toename oor tydperke van twaalf maande in die pryse van binnelands geproduseerde goedere het rofweg dieselfde patroon as die koers van verandering van kwartaal tot kwartaal nagevolg: dit het aanvanklik tot in April 1996 gedaal en toe in Mei en Junie versnel.

As 'n weerspieëling van sy twee hoofkomponente, het die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die *omvattende produksieprysindeks* van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 14,3 persent in die eerste kwartaal van 1995 na 'n laagtepunt van 5,1 persent in die eerste kwartaal van 1996 verander, maar toe tot 6,3 persent in die tweede kwartaal versnel. Inflasie in die omvattende produksieprysindeks, gemeet oor tydperke van twaalf maande, het onlangs tot 5,3 persent in April 1996 gedaal – die laagste koers wat sedert Januarie 1972 aangeteken is – maar daarna tot 5,8 persent in Mei en 6,1 persent in Junie versnel. Die gedempte reaksie van produksiepryse op die opwaartse druk vanweë die verswakking van die waarde van die rand en die toename in arbeidseenheidskoste dui daarop dat binnelandse vervaardigers in die tweede kwartaal van 1996 bereid was om 'n deel van hierdie kostedruk te absorbeer, eerder as om dit in die vorm van hoër eindprodukpryse aan gebruikers deur te gee.

Produksieprysindeks




Dit mag 'n regstreekse gevolg wees van sterker mededinging in die Suid-Afrikaanse ekonomie in die jongste jare.

Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die *omvattende verbruikersprysindeks* het skerp gedaal van 14,3 persent in die derde kwartaal van 1994 tot 'n jongste laagtepunt van 2,2 persent in die derde kwartaal van 1995, maar daarna het dit tot 9,5 persent in die eerste kwartaal van 1996 en 7,0 persent in die tweede kwartaal versnel. Inflasie in die *omvattende verbruikersprysindeks*, gemeet oor tydperke van twaalf maande, het sy laagste vlak sedert Junie 1972 bereik toe dit in April 1996 tot 5,5 persent gedaal het. Dit het daarna tot 5,9 persent in Mei en toe meer opvallend tot 6,9 persent in Junie en 7,1 persent in Julie 1996 versnel. Die pryse van verbruikersgoedere het 'n groter rol gespeel as dié van verbruikersdienste in die onlangse versnelling in die koers van toename oor twaalf maande in die *omvattende verbruikersprysindeks*. Die pryse van voedsel wat van die eerste kwartaal van 1996 tot die tweede kwartaal teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van slegs 1 persent toegeneem het, het egter die *omvattende verbruikersprysinflasie* gerem.

Onderliggende inflasie (dit wil sê die verandering in die *omvattende verbruikersprysindeks* met uitsluiting van die pryse van voedsel en nie-alkoholiese drank, huiseienaarskoste en belasting op toegevoegde waarde) wat veronderstel is om, met 'n tydsloering, duideliker op 'n verandering in die totale geldvoorraad

te reageer, het in die tweede kwartaal taamlik skerp versnel. Die onderliggende inflasiekoers, soos gemeet van kwartaal tot kwartaal teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse, het van 6,5 persent in die eerste kwartaal van 1996 tot 9,1 persent in die tweede kwartaal toegeneem. Nadat die onderliggende inflasiekoers, gemeet oor tydperke van twaalf maande, van 'n onlangse hoogtepunt van 9,2 persent in Mei 1995 gedaal het, het dit van 'n betreklik lae koers van 6,6 persent in April 1996 tot 7,3 persent in Junie en 7,6 persent in Julie gestyg.

Onderliggende inflasiekoers



Buitelandse handel en betalings


Lopende rekening

Die tekort op die *lopende rekening van die betalingsbalans* het van R2,3 miljard in die eerste kwartaal van 1996 tot R4,6 miljard in die tweede kwartaal verswak. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, het die tekort van R10,4 miljard in die eerste kwartaal tot R16,4 miljard in die tweede kwartaal gestyg. In verhouding tot die bruto binnelandse produk was die tekort op die lopende rekening in die tweede kwartaal 3,1 persent vergeleke met 2 persent in die eerste kwartaal; gedurende 1995 in die geheel was die tekort 2½ persent van die bruto binnelandse produk.

Die vernaamste rede vir die toename in die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans was die voortgesette skerp opwaartse neiging in die fisiese omvang en waarde van die *goedere-invoer*. Soos wat verwag kon word, het die hoë vlak van binnelandse besteding in die tweede kwartaal van 1996 veroorsaak dat die waarde van goedere-invoer van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R103,6 miljard in die eerste kwartaal van 1996 tot R113,7 miljard in die tweede kwartaal gestyg het. Hoofsaaklik vanweë die depresiasie van die rand, het die pryse van ingevoerde goedere in die tweede kwartaal met 4 persent toegeneem, dit wil sê teen 'n jaarkoers van bykans 18 persent. Die hoeveelhede van die goedere-invoer het oor dieselfde tydperk met 5½ persent of teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van bykans 23 persent gestyg. Skerp toenames in die waarde van invoer is in die kategorieë mineraalprodukte (hoofsaaklik ru-olie) en fabriekswese, soos chemiese produkte en masjinerie en elektriese toerusting, aangeteken. Die aansienlik beter klimaatstoestande, tesame met die goeie vooruitsigte vir graangewasse, is in 'n daling in die invoer van landbouprodukte weerspieël.

Die waarde van die *goedere-uitvoer* het in die tweede kwartaal van 1996 toegeneem, maar nie naas-

Lopende rekening




tenby soveel soos die waarde van die invoer nie. Teenoor 'n styging van R10,1 miljard in die seisoensaangesuiwerde waarde van goedere-invoer teen 'n jaarkoers, het die nominale waarde van die goedere-uitvoer met slegs R4,0 miljard gestyg, of van R88,3 miljard in die eerste kwartaal van 1996 tot R92,3 miljard in die tweede kwartaal. Die uitvoer van vervaardigde

Tabel 5. Lopende rekening van die betalingsbalans
Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse
R miljarde

	1995				1996	
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	1e kw	2e kw
Goedere-uitvoer.....	81,4	79,0	81,2	82,4	88,3	92,3
Netto gouduitvoer.....	20,0	19,3	23,3	18,0	21,2	20,8
Goedere-invoer.....	-94,5	-97,7	-101,4	-100,2	-103,6	-113,7
Netto dienste- en oordragbetalings.....	-15,6	-15,4	-15,3	-15,2	-16,3	-15,8
Saldo op lopende rekening.....	-8,7	-14,8	-12,2	-15,0	-10,4	-16,4

Handelsrekening




goedere in die kategorieë voertuie en vervoertoerusting, tekstiele en chemiese produkte, het sterk gestyg. Verdere stukrag is aan die uitvoerpoging verleen deur 'n styging in die uitvoer van landbouprodukte, hoofsaaklik in die kategorie voorbereide voedsel en 'n styging in die waarde van uitgevoerde edel- en halfedelstene. 'n Effense verlangsamings in internasionale grondstofpryse het egter meegebring dat die uitvoer van mynbouprodukte in die tweede kwartaal van 1996 traag was.

'n Verbetering van 5½ persent in uitvoerpryse vanaf die eerste tot die tweede kwartaal van 1996, hoofsaaklik vanweë die verswakking van die rand, was ten volle vir die toename in die waarde van uitvoer verantwoordelik. Die fisiese omvang van uitvoer het vanaf die eerste tot die tweede kwartaal effens met 1 persent gedaal. Nietemin het 'n sterk styging van 5½ persent in uitvoerhoeveelhede in die eerste kwartaal steeds verseker dat die reële waarde van die goedere-uitvoer in die eerste helfte van 1996 ongeveer 7 persent hoër was as in die eerste helfte van 1995.

Die waarde van *netto gouduitvoer* wat van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R18,0 miljard in die vierde kwartaal van 1995 tot R21,2 miljard in die eerste kwartaal van 1996 herstel het, het in die tweede

Reële goedere in- en uitvoer



kwartaal weer tot R20,8 miljard teruggesak. Dié daling het plaasgevind ondanks 'n styging in die gemiddelde vasstellingsprys van goud van R1 509 per fyn ons in die eerste kwartaal van 1996 tot R1 683 in die tweede kwartaal. Die produksie van goud in Suid-Afrikaanse myne het in die tweede kwartaal afgeneem teen die agtergrond van 'n daling in die dollarprys van goud van 'n gemiddelde van VSA\$400 per fyn ons in die eerste kwartaal tot \$390 in die tweede kwartaal. Die daling in produksie was grotendeels die gevolg van 'n daling in die goudinhoud van erts wat gemaal is en is veroorsaak deur die stappe wat minder winsgewende myne gedoen het om hul produktiewe lewensduur te verleng. In Julie en Augustus 1996 het die goudprys verder teruggesak tot 'n gemiddelde van VSA\$385 per fyn ons; in rand het dit tot 'n gemiddelde prys van R1 719 per fyn ons toegeneem vanweë die depresiasie van die rand teenoor die dollar.

Netto dienste- en oordragbetalings aan nie-inwoners het van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R16,3 miljard in die eerste kwartaal van 1996 tot R15,8 miljard in die tweede kwartaal gedaal. Hierdie kleiner tekort op die dienstrekening in die tweede kwartaal is veroorsaak deur 'n betekenisvolle toename in toerisme en reisbesteding deur buitelandse besoekers aan Suid-Afrika. Hoër betalings vir vrag- en goedereversekering as gevolg van die styging in invoerhoeveelhede het die styging in ontvangste vir dienste wat aan nie-inwoners gelewer is, deels teengewerk.


Kapitaalrekening

Ondanks die onvoorspelbaarheid van die Suid-Afrikaanse mark vir buitelandse valuta en die swak wisselkoers van die rand, het die land in die tweede kwartaal van 1996 steeds 'n netto invloeiing van kapitaal (nie verwant aan reserwes nie) ondervind. Die netto inwaartse beweging van kapitaal het trouens van R0,2 miljard in die eerste kwartaal van 1996 tot R2,5 miljard in die tweede kwartaal verstewig. Hierdie verstewiging het plaasgevind teen die agtergrond van vaste terugbetalingsverplichtings ten bedrae van R2,4 miljard wat in die tweede kwartaal betaalbaar was. Die netto invloeiing van kapitaal was nogtans in die tweede kwartaal van 1996 aansienlik minder as die gemiddelde kwartaal-likse netto invloeiing van bykans R5½ miljard in 1995.

Die invloeiing van kapitaal in die tweede kwartaal van 1996 het hoofsaaklik uit langtermynkapitaal bestaan, dit wil sê kapitaal met 'n looptyd van langer as twaalf maande of met 'n onbepaalde looptyd. 'n Netto invloeiing van langtermynkapitaal van R3,0 miljard is in die tweede kwartaal van 1996 aangeteken, vergeleke met R4,3 miljard in die voorafgaande kwartaal. Die netto invloeiing na die private sektor van R1,9 miljard in die tweede kwartaal het meer as 60 persent van die totale netto invloeiing van langtermynkapitaal uitmaak. Hierdie invloeiing na die private sektor het ingesluit die netto aankope deur nie-inwoners ten bedrae van R2,0 miljard van aandele wat op die Johannesburgse Aandelebeurs genoteer is. Afgesien van die netto verkryging van genoteerde aandele deur nie-inwoners, het die private sektor 'n netto uitvloeiing van langtermynkapitaal ervaar. Openbare korporasies het in die tydperk April tot Junie 1996 fondse tot die netto waarde van R1,0 miljard in buitelandse markte bekom. 'n Belangrike transaksie was die toonderuitgifte van R550 miljoen deur Eskom in die Japanse kapitaalmark.

Korttermynkapitaalbewegings het baie onbestendig geword namate die kort- en mediumtermynbewegings van die wisselkoers van die rand minder voorspelbaar geword het. 'n Netto invloeiing in die vierde kwartaal

Netto kapitaalbewegings (nie verwant aan reserwes nie)



Tabel 6. Netto kapitaalbewegings nie verwant aan reserwes nie
R miljard

	1995				1996	
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	1e kw	2e kw
Langtermynkapitaal						
Openbare owerhede	-0,1	1,5	-	0,2	1,3	0,1
Openbare korporasies	-0,4	-0,2	1,1	1,9	0,9	1,0
Private sektor	1,0	2,4	1,7	3,4	2,1	1,9
Totaal	0,5	3,7	2,8	5,5	4,3	3,0
Korttermynkapitaal.....	5,0	1,3	1,0	1,9	-4,1	-0,5
Totale kapitaal	5,5	5,0	3,8	7,4	0,2	2,5

van 1995 van R1,9 miljard in korttermynkapitaal, insluitende onaangetekende transaksies, het in die eerste kwartaal in 'n netto uitvloeiing van R4,1 miljard verander wat daarna in die tweede kwartaal tot 'n netto uitvloeiing van R0,5 miljard afgeneem het. Die private banke was prominent by hierdie bewegings betrokke: gedurende die eerste kwartaal van 1996 het banke hul buitelandse korttermynlaste met R3,8 miljard verminder, maar daarna in die buitelandse markte geleen vir die finansiering van hul binnelandse uitleenbedrywighede. Hierdie lenings was in die tweede kwartaal van 1996 vir 'n toename van R6,3 miljard in hul netto buitelandse korttermynlaste verantwoordelik. Veranderings in vervroegings en vertragings in buitelandse betalings en ontvangste in die lig van die verswakking van die rand het egter 'n daling in die korttermynlaste van die private nie-banksektor en 'n toename in hul korttermyn buitelandse bates tot gevolg gehad. Hierdie uitvloeiing het die inwaartse beweging van kapitaal na die banksektor oorskry wat tot 'n algehele netto uitvloeiing van korttermynkapitaal in die tweede kwartaal van 1996 gelei het.


Buitelandse reserwes

Die netto invloeiing van kapitaal wat nie aan buitelandse reserwes verwant is nie, kon nie die absolute grootte van

die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans ewenaar nie, met die gevolg dat die land se *netto goud- en ander buitelandse reserwes* in die tweede kwartaal van 1996 met R2,2 miljard verminder moes word om die tekort op die lopende rekening te finansier. Die kumulatiewe daling in die goud- en ander buitelandse reserwes het in die eerste helfte van 1996 op R4,2 miljard te staan gekom. Hierdie daling kan vergelyk word met 'n opbouing van netto buitelandse reserwes van R9,1 miljard gedurende 1995. In Julie en Augustus 1996 het die Reserwebank se besit aan goud- en ander buitelandse reserwes verder met R1,6 miljard gedaal.

Suid-Afrika se *bruto goud- en ander buitelandse reserwes* het tussen die einde van Maart 1996 en die einde van Junie met R1,1 miljard gedaal. Hierdie daling het die waarde van bruto goud- en ander buitelandse reserwes tot R16,4 miljard aan die einde van die tweede kwartaal van 1996 verminder wat gelyk is aan slegs 10,9 persent van die waarde van die invoer van goedere en dienste teen 'n jaarkoers. Die vlak van reserwes was toe gelyk aan die waarde van die invoer van goedere en betalings vir dienste vir 'n tydperk van 5½ weke – aan die einde van Desember 1995 was die vergelykbare verhouding 7 weke. In die lig van die skaarste aan reserwes het die Reserwebank in April 1996 korttermynfondse ten bedrae van R920 miljoen geleen; hierdie lenings is egter in Mei weer ten volle terugbetaal.

Totale bruto goud- en ander buitelandse reserwes



Wisselkoerse

Na bykans tien maande van betreklike bestendigheid, het die wisselkoers van die rand in die middel van Februarie 1996 onverwags onder aansienlike druk gekom. Aanvanklik is die daling in die waarde van die rand teenoor die dollar toegeskryf aan gerugte oor die gesondheid van President Mandela, kommer oor die waarskynlike uitwerking van die afskaffing van alle deviesebeheer en vrese dat die rand oorgewaardeer was. Die afwaartse druk op die waarde van die rand het daarna nouer verband begin hou met die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans wat nie ten volle deur 'n netto invloeiing van kapitaal vanaf die buitenland geëwenaar is nie. By geleentheid is die swak wisselkoers verbind aan spekulatiewe aanslae en die netto verkope van Suid-Afrikaanse sekuriteite deur buitelandse beleggers.

Die *nominale effektiewe wisselkoers* van die rand het van 13 Februarie 1996 tot 27 Maart met 7,8 persent en tussen 27 Maart en 30 April met 9,4 persent gedaal. Met ingang van 29 April 1996 het die Reserwebank Bankkoers met een persentasiepunt verhoog om bestendigheid in die mark vir buitelandse valuta te herstel. 'n Tweemaande-tydperk van betreklike bestendigheid het daarna gevolg waartydens die nominale effektiewe waarde van die rand inderdaad van 30 April tot 30 Junie 1996 met 1,1 persent versterk het. In Julie het die ietwat kalmer toestande tot 'n einde gekom en die geweegde waarde van die rand het tussen 30 Junie 1996 en 29 Augustus met 4,8 persent gedaal. Dit het

Tabel 7. Verandering in die wisselkoerse van die rand
Persent


	13 Feb 1996 tot 27 Mrt 1996	27 Mrt 1996 tot 30 Apr 1996	30 Apr 1996 tot 30 Jun 1996	30 Jun 1996 tot 29 Aug 1996	13 Feb 1996 tot 29 Aug 1996
Gewegde gemiddelde.....	-7,8	-9,4	1,1	-4,8	-19,5
VSA-dollar	-7,9	-9,7	1,2	-3,8	-19,1
Britse pond	-7,4	-8,9	-1,4	-4,6	-20,7
Duitse mark	-7,4	-7,1	1,0	-6,8	-18,9
Japanse jen	-8,2	-11,6	6,6	-5,3	-18,0
Nederlandse gulden.....	-7,4	-7,1	1,2	-6,8	-18,8
Italiaanse lira	-7,8	-10,1	-0,8	-5,1	-22,0

die algehele daling in die nominale waarde van die rand vanaf die middel van Februarie 1996 tot 29 Augustus op 19,5 persent te staan gebring.

Oor die tydperk middel Februarie tot 29 Augustus 1996 het die rand teenoor die geldeenhede van al Suid-Afrika se vernaamste handelsvennootlande gede-presieer. Dit het die meeste teenoor die Italiaanse lira en die Britse pond gede-presieer. Vanweë die matige appresiasie van die Britse pond en Duitse mark teenoor die VSA-dollar, het die waarde van die rand gedurende Augustus nuwe laagtepunte teenoor hierdie twee geldeenhede bereik.

Die *reële effektiewe wisselkoers* van die rand het gedurende die eerste kwartaal van 1996 met 5,9 persent verswak. 'n Verdere daling van 8,0 persent het in April en Mei 1996 voorgekom om die indeks waarde van die reële effektiewe wisselkoers van die rand in Mei te neem tot 'n vlak wat 13,5 persent minder was as dié in Desember 1995 en 7,7 persent laer as die vorige laagtepunt van die negentigerjare wat in Julie 1994 aangeteken is.

Effektiewe wisselkoerse van die rand




Monetêre ontwikkelings, rentekoerse en finansiële markte

Geldvoorraad

Die geldvoorraad het gedurende die eerste sewe maande van 1996 vinnig uitgebrei. Gemeet oor twaalf maande, het die groeikoers in die omvattend gedefinieerde geldvoorraad (M3), wat in Junie 1995 'n hoogtepunt van 16,8 persent bereik het, aanvanklik om 'n afwaartse neigingslyn tot 13,6 persent in Mei 1996 gewissel. Die groei van jaar tot jaar in M3 het daarna vinnig tot 15,7 persent in Junie versnel, maar tot 'n voorlopig geraamde groeikoers van 14,7 persent in Julie 1996 afgeneem. Indien hierdie versnelling in die groeikoers in M3 van die basis van die huidige riglynjaar bereken word, was dit nog meer opmerklik: dit het meer as verdubbel van 10,1 persent teen 'n jaarkoers in Januarie 1996 tot 21,0 persent in Junie, maar daarna het dit tot 18,2 persent in Julie afgeneem. Insgelyks het die groei van kwartaal tot kwartaal in M3 van 'n jaarkoers van 6,9 persent in die vierde kwartaal van 1995 tot 13,7 persent in die eerste kwartaal van 1996 en 21,2 persent in die tweede kwartaal toegeneem. Teen die einde van Julie 1996 het die seisoensaangesuiwerde waarde van M3 die boonste grens van die kegelvormige riglyngebied met R15,2 miljard, of 5,2 persent, oorskry.

Riglyne vir groei in M3




Die vinnige groei in die geldvoorraad in die eerste sewe maande van 1996 het allereers uit 'n sterk vraag na geld vir transaksiedoeleindes gespruit. Ander faktore, soos die spekulatiewe vraag na geldsaldo's ten einde munt te slaan uit hoë rentekoerse op deposito's en om teen die risiko van vinnig veranderende aandele- en effektepryse te verskans, het tot die vraag na geld bygedra. Die hou van geld ingevolge die voorsorgmotief het ook vanweë verhoogde onsekerheid oor toekomstige ekonomiese ontwikkelings en die onbestendigheid in die finansiële markte 'n rol begin speel. Dit alles is deur 'n herstel in die vertroue in geld as 'n waardedraer versterk namate inflasie afwaarts beweeg en positiewe inflasie aangepaste opbrengste op deposito-tipe beleggings aantrekliker geword het. Die begeerte om M3-saldo's teen 'n vinniger tempo as die groeikoers in nominale inkome op te bou, het tot 'n afname van 4,6 persent in die inkome-omloopsnelheid van geld tussen die tweede kwartaal van 1994 en die tweede kwartaal van 1996 aanleiding gegee.

Die groeikoerse oor twaalf maande in die enger monetêre totale het gedurende die eerste helfte van 1996 naastenby dieselfde patroon as dié van M3 getoon. Die groeikoers oor twaalf maande in M1A het gedurende 1995 tot 16,8 persent in Desember versnel; sedertdien het dit om 'n gemiddelde vlak van ongeveer 16½ persent gewissel en uiterste waardes van 13,9 persent in April 1996 en 19,0 persent in Mei is, aangeteken. Die voortgesette hoë groeikoers in "ander onmiddellik opeisbare deposito's" het die sterk voorkeur van die private sektor vir maklik toeganklike deposito-tipe beleggings na vore gebring. Dit het veroorsaak dat die groeikoers oor twaalf maande in M1 per saldo opwaarts beweeg het van 19,3 persent in Desember 1995 tot 28,7 persent in Junie 1996. Die groeikoers oor twaalf maande in M2 het ook gedu-

Tabel 8. Groeikoerse oor twaalf maande in monetêre totale

Persent					
Tydperk		M1A	M1	M2	M3
1995:	Junie	17,0	7,8	15,6	16,8
	Julie	15,1	7,2	13,1	15,8
	Augustus	11,6	9,2	10,3	15,1
	September	12,9	12,7	11,5	16,1
	Oktober	12,6	9,7	9,7	14,2
	November	14,9	13,7	10,7	13,8
1996:	Desember	16,8	19,3	13,9	15,2
	Januarie	17,6	19,6	13,9	14,5
	Februarie	16,4	20,5	16,0	16,1
	Maart	16,1	27,0	17,8	15,3
	April	13,9	26,9	15,8	14,4
	Mei	19,0	24,1	14,3	13,6
	Junie	14,7	28,7	17,9	15,7

Monetêre totale



rende die eerste helfte van 1996 'n hoë mate van wisseling getoon, maar oor die algemeen opwaarts geneig van 13,9 persent in Januarie tot 17,9 persent in Junie.


Die statistiese of rekeningkundige *teenhangers* van die groot toename in M3 in die tweede kwartaal van 1996 was hoofsaaklik gekonsentreer in die monetêre sektor se netto eise teen die regeringsektor en eise teen die private sektor. Die "netto ander bates" van die monetêre instellings het ook merkbaar toegeneem, maar die netto buitelandse bates van hierdie instellings het sterk afgeneem namate private banke addisionele verpligtinge teen nie-inwoners aangegaan het. Die belangrikste rekeningkundige teenhangers van M3 in die tweede kwartaal was soos volg:

	R miljard
Netto buitelandse bates.....	-9,5
Netto goud- en buitelandse reserves.....	-2,1
Netto ander buitelandse bates	-7,4
Netto eise teen die regeringsektor	8,9
Bruto eise	4,4
Afname in regeringsdeposito's	-4,5
Eise teen die private sektor	10,9
Netto ander bates	4,9
Totale verandering in M3	15,2

Kredietverlening

Die groei oor twaalf maande in *totale binnelandse kredietverlening* deur die monetêre sektor, wat van


Kredietverlening deur monetêre instellings



13,2 persent in Desember 1995 tot 14,2 persent in Maart 1996 versnel het, het selfs verder tot 16,4 persent in Junie 1996 gestyg. Die sterk groei in kredietverlening gedurende die tweede kwartaal van 1996 kon aan die volgehoue sterk vraag na krediet in die private sektor en 'n skerp toename in die netto eise van monetêre instellings teen die regeringsektor toegeskryf word. Die groei in netto kredietverlening aan die *regeringsektor* in die tweede kwartaal was die gevolg van 'n toename van R4,4 miljard in die bruto eise teen die regeringsektor, wat verder deur 'n afname van R4,5 miljard in regeringsdeposito's by monetêre instellings aangehelp is. Netto kredietverlening aan die regeringsektor het in die tweede kwartaal van 1996 per saldo met R8,9 miljard gestyg.

Die groei oor twaalf maande in kredietverlening aan die *private sektor* het van 17,6 persent in Desember 1995 tot 18,6 persent in Maart 1996 gestyg en daarna gedurende die maande tot Julie 1996 min of meer op hierdie betreklik hoë vlak gebly. Die kragtige groei in kredietverlening is aangehelp deur 'n volgehoue sterk vraag na krediet deur private huishoudings wat reeds diep in die skuld was, maar skynbaar nie oormatig oor die implikasies van groot rentebetalinge begaan was nie. Dit is deur die aktiewe bevordering van kredietgeriewe deur banke en die bekendstelling van kredietkaarte vir eie gebruik deur baie kleinhandelsafsetpunte vererger. Ondernemings het ook 'n sterk vraag na krediet ondervind ten einde hul besit aan voorrade uit te brei asook vir bedryfskapitaal teen die agtergrond

Kredietverlening aan die private sektor



van die hoë binnelandse vraag na die meeste soorte goedere en dienste. Die swak wisselkoers van die rand gedurende die tweede kwartaal het tot die binnelandse vraag na krediet bygedra namate onderne- mings van buitelandse na binnelandse finansiering van

Tabel 9. Toenames in kredietverlening aan die private sektor volgens vernaamste soort krediet

R miljarde

	1996	
	1e kw	2e kw
Verbandvoorskotte.....	5,3	5,1
Afbetalingsverkope.....	1,6	2,3
Bruikhuurfinansiering	0,7	0,9
Beleggings.....	1,0	-1,6
Wissels verdiskonteer.....	-0,6	0,3
Ander lenings en voorskotte	6,2	3,9
Totaal.....	14,2	10,9

buitelandse handelstransaksies omgeskakel het. Die groei in totale kredietverlening aan die private sektor het die waargenome verbruikersprysinflasie ruimskoots oorskry, met die gevolg dat reële kredietverlening aan die private sektor oor die twaalf maande tot Junie 1996 met 11,0 persent toegeneem het.

'n Ontleding van monetêre instellings se eise teen die private sektor volgens *soort krediet* toon dat die styging van R10,9 miljard in kredietverlening aan die private sektor in die tweede kwartaal van 1996 minder was as die verhoging in die gesamentlike totaal van drie van die subkategorieë van krediet: verbandvoor- skotte het met R5,1 miljard, “ander lenings en voor- skotte” (met inbegrip van oortrokke lopende rekeninge) met R3,9 miljard en afbetalingsverkoopkrediet met R2,3 miljard toegeneem. Die monetêre sektor se beleggings in aksepte, handelspapier en promesses het in die tweede kwartaal met R1,6 miljard afgeneem.

Hoewel die vaste-eiendomsmark lewendig gebly het, het 'n klein afname in die groei oor twaalf maande in *verbandvoorskotte* van 17,7 persent in Desember 1995 tot 16,7 persent in Maart 1996 en 16,5 persent in Junie plaasgevind. Die lewendige vraag na nuwe motor- en handelsvoertuie het die groeikoers van jaar tot jaar in *afbetalingsverkoopkrediet* op buitengewoon hoë vlakke gehou. Die groei oor twaalf maande in afbetalings-

verkoopkrediet het trouens van 27,3 persent in Desember 1995 tot 28,8 persent in Maart 1996 toeneem, maar daarna effens stukrag verloor toe dit in Junie tot 26,8 persent afgeneem het. Die volgehoue sterk binnelandse vraag na die meeste soorte goedere en dienste het die groei oor twaalf maande in "ander lenings en voorskotte" 'n hupstoot gegee van 15,8 persent in Desember 1995 tot 18,0 persent in Maart 1996 en 20,3 persent in Junie.


Die klem in kredietverlening deur monetêre instellings aan die private sektor het in die tweede kwartaal van 1996 van *private huishoudings* na die *maatskappysektor* verskuif. Die toename in kredietverlening aan huishoudings het van R7,3 miljard in die eerste kwartaal van 1996 tot R3,6 miljard in die tweede kwartaal verlangsaam, terwyl die toename in kredietverlening aan die maatskappysektor van R4,9 miljard in die eerste kwartaal tot R6,3 miljard in die tweede kwartaal versnel het. Persentsgewys het die groei oor twaalf maande in kredietverlening aan huishoudings van 18,1 persent in Maart 1996 tot 15,1 persent in Junie afgeneem, terwyl dié van die maatskappysektor van 20,8 persent in Maart 1996 tot 23,5 persent in Junie versnel het.

Die sterk uitbreiding in kredietverlening deur die monetêre instellings het nou, in die tweede kwartaal van 1996, die verhouding van krediet aan die *private sektor* tot bruto binnelandse produk op 62,8 persent te staan gebring. Minder as drie jaar gelede, gedurende die derde kwartaal van 1993, was hierdie verhouding nog so laag as 55,6 persent. 'n Mate van finansiële verdieping het dus in die jongste jare plaasgevind namate kredietverlening aan die private sektor deur monetêre instellings die groei in die nominale bruto binnelandse produk oorskry het.

Rente- en opbrengskoerse

Opbrengskoerse op effekte, wat kenmerkend 'n noue verwantskap met konjunkturele bewegings in die algehele ekonomiese bedrywigheid handhaaf, het betreklik vroeg gedurende die onlangse ekonomiese herstel begin daal. Die maandelikse gemiddelde opbrengskoers op binnelandse langtermynstaatseffekte het in Januarie 1995 'n hoogtepunt van 17,02 persent bereik en daarna in Januarie 1996 tot 13,77 persent afgeneem. 'n Skerp regstelling in die effektemark, wat hoofsaaklik deur die beweging van opbrengskoerse op effekte in Amerikaanse finansiële markte geïnspireer is en die skielike verswakking in die wisselkoers van die rand, het veroorsaak dat die maandelikse gemiddelde opbrengskoers op langtermynstaatseffekte in Mei 1996 tot 16,53 persent terugbeweeg het. Vanaf die middel van Mei het opbrengskoerse op effekte weer geleidelik tot 15,02 persent aan die einde van Junie 1996 teruggesak. In Julie en Augustus het besorgdheid oor die sterkte van die wisselkoers van die rand en daarom ook rentekoerse, onrustigheid onder binnelandse en internasionale beleggers laat

Opbrengskoers op langtermynstaatseffekte



posvat en die opbrengskoers op langtermynstaats-effekte het tot 15,96 persent aan die einde van Julie 1996 toeneem, maar toe tot 15,57 persent aan die einde van Augustus teruggesak.

In teenstelling met die opbrengskoerse op effekte het *koerse in die geldmark* dwarsdeur 1995 en die eerste vyf maande van 1996 opwaarts geneig. Die *tenderkoers op skatkiswissels van drie maande* het byvoorbeeld van 12,62 persent aan die einde van Januarie 1995 tot 14,22 persent aan die einde van Desember 1995 toeneem. Na 'n kort verposing gedurende die eerste twee maande van 1996 is hierdie opwaartse beweging hervat en aan die einde van Mei het die tenderkoers op skatkiswissels 16,06 persent bereik; daarna het dit weer teen middel Julie 1996 tot 14,94 persent versag. Vanaf middel Julie het die tenderkoers op skatkiswissels opnuut op die stram toestande in die geldmark en die swak wisselkoers van die rand gereageer en hoër beweeg tot 15,79 persent aan die einde van Augustus 1996.

Die *opbrengskoerskromme*, wat tussen Januarie en Mei 1996 oor die hele spektrum van die aflossingstruktuur hoër beweeg het, het in Augustus na 'n laer vlak beweeg maar redelik plat gebly. Dit het onlangs aan die korter kant van die aflossingstruktuur 'n effens steiler negatiewe helling ontwikkel namate korttermynrentekoerse hoër beweeg het in reaksie op die stram toestande wat in die geldmark geheers het, asook die algemeen streng monetêre beleids-ingesteldheid wat die Reserwebank bly inneem het.

Opbrengskoerse in die geld- en kapitaalmarkte is sterk deur ontwikkelings in die mark vir buitelandse valuta en die depresiasie van die rand beïnvloed. In 'n poging om 'n mate van bestendigheid in die mark vir buitelandse valuta teweeg te bring, het die Reserwebank *Bankkoers* op 29 April 1996 van 15 tot 16 persent verhoog. Geldmarkrentekoerse het op hierdie verhoging in Bankkoers gereageer en die tenderkoers op skatkiswissels het op 17 Mei 1996 na 16,21 persent beweeg. *Ander geldmarkrentekoerse* het op 'n soortgelyke wyse gereageer. Die *interbank-daggeldkoers* het beweeg uit die smal band tussen 14,0 persent en 14,5 persent, waarbinne dit sedert die tweede week van Januarie 1996 gewissel het, en 15,75 persent aan die einde van April 1996 bereik. In ooreenstemming met die meeste ander geldmarkkoerse het die interbank-daggeldkoers aan die einde van Mei selfs verder tot 16,25 persent gestyg, maar daarna aan die einde van Junie 1996 tot 16,00 persent teruggesak. Aan die einde van Augustus het hierdie koers op 16,50 persent te staan gekom.

Na aanleiding van die verhoging in Bankkoers, is die *primakoers op oortrekkings van private banke* op 29 April 1996 van 18,50 persent tot 19,50 persent verhoog. Die stygende koste van befondsing van banke se uitleenbedrywighede gedurende Mei het die speelruimte tussen uitleenkoerse en die koste van fondse vir banke vernou. Terselfdertyd het vrese ontstaan vir 'n tekort aan bates wat as onderpand kan dien vir oornaglenings van die Reserwebank teen die laagste

beskikbare koers. Hoewel Bankkoers onveranderd gebly het, het banke op 20 Mei 1996 die primakoers op oortrekkings met 1 persentasiepunt tot 20,50 persent verhoog ten einde die druk op hul winsgrense te verlig. Geldmarkkoerse het teen die einde van Mei 1996 en in Junie effens teruggesak. Dit, tesame met die Reserwebank se aankondiging op 25 Junie 1996 van 'n vermindering van 0,75 persentasiepunte in die koste van akkommodasie teen onderpand van tweedekategorie-bates, het banke die nodige speling gegee om hul primakoers op oortrekkings met ingang van 1 Julie 1996 tot 19,50 persent te verlaag. Die prima-oortrekkingskoers, aangesuiwer vir verbruikersprysinflasie oor twaalf maande, het van 10,9 persent in Januarie 1996 tot 13,8 persent in Mei toegeneem, maar daarna tot 11,6 persent in Julie teruggesak.

In ooreenstemming met veranderinge in die prima-oortrekkingskoers, is die *oorheersende koers op verbandlenings* ook by meer as een geleentheid aangepas: eerstens tot 19,25 persent in Mei 1996, daarna tot 20,25 persent in Junie en laastens afwaarts tot 19,25 persent met ingang van 1 Julie 1996. Strawwe mededinging tussen banke om 'n groter aandeel in die mark vir huislenings te bekom, het tot die skepping van nuwe produkte gelei, wat aan huiseienaars 'n leningsfasiliteit teen maksimumkoerse van 17,00 of 17,50 persent per jaar vir 'n vasgestelde tydperk bied, dit wil sê ver onder die heersende verbandkoers, maar met 'n ingeboude versekeringskoste.


Die oorheersende kleinhandelskoers van banke op *vaste deposito's van twaalf maande* is met 1 persentasiepunt tot 14,50 persent vanaf Mei 1996 en tot 15,00 persent vanaf Junie verhoog, maar is weer tot 14,25 persent vanaf Julie verlaag. Die twaalfmaande-depositokoers het spaarders in Julie 1996 'n inflasie aangepaste voorbelaste opbrengskoers van 6,7 persent gebied.

Ander langtermynkoerse is ook deur hierdie ontwikkelings geraak. Die standaardrentekoers van toepassing op lenings wat uit die Staatsinkomstefonds toegestaan is, is in twee stappe van 16,50 persent in Junie 1996 tot 15,75 persent in Augustus verminder. In teenstelling met hierdie ontwikkelings, het die maksimum toelaatbare finansieringskostekoerse, soos dit ingevolge die Woekerwet vasgestel word, sedert September 1995 onveranderd op 28 persent in die geval van geldlenings, krediet- en bruikhuurtransaksies vir bedrae meer as R6 000 maar minder as R500 000, en op 31 persent vir bedrae minder as R6 000 gebly.


Geldmark

Geldmarktoestande het gedurende die eerste agt maande van 1996 aansienlik gewissel, maar oor die algemeen redelik stram gebly. Dit is duidelik weerspieël deur groot wisselings in die omvang van akkommodasie wat die Reserwebank op maandeindes aan banke moes verleen. Die bedrag aan Reserwebank-akkommodasie aan banke het per saldo gedurende die

Rentekoerse



Akkommodasie by die diskontovenster



eerste kwartaal van 1996 van R5,1 miljard aan die einde van Desember 1995 tot R4,7 miljard aan die einde van Maart 1996 afgeneem. Die geldmarktekort het tot 'n rekordvlak van R11,0 miljard aan die einde van April toegeneem, hoofsaaklik vanweë 'n netto afname in die netto buitelandse bates van die Reserwebank en 'n toename in regeringsdeposito's by die Bank. Gedurende die daaropvolgende twee maande het die bedrag aan Reserwebank-akkommodasie verminder namate netto reserwes vermeerder het en regeringsdeposito's by die Bank afgeneem het. Die geldmarktoestande het vervolgens weer strammer geword en die geldmarktekort het aan die einde van Julie 1996 tot R8,6 miljard en aan die einde van Augustus tot R8,2 miljard toege neem. 'n Afname van R0,9 miljard in die netto buitelandse bates van die Reserwebank in Julie en Augustus 1996 was grootliks vir die verdere vernouing van geldmarktoestande gedurende hierdie twee maande verantwoordelik.


Die optrede van die Reserwebank in die geldmark gedurende die tweede kwartaal van 1996 en gedurende Julie en Augustus was hoofsaaklik daarop gemik om die betreklike stram geldmarktoestande te verlig. Om dit te bereik, is die bateportefeulje van die Korporasie vir Openbare Deposito's toepaslik aangepas en is ruiloorreënkomste met private banke aangegaan ten einde die mark deur tydperke van stram likiditeit te stuur.

Effektemark


Die bedrywigheid in die *binnelandse primêre effektemark* is in die eerste helfte van 1996 geheel en al deur instansies in die openbare sektor oorheers. Die netto bedrag wat deur nuwe uitgiftes van vaste-rentedraende sekuriteite deur instansies in die openbare sektor verkry is, het in die tydperk R10,3 miljard bedra, wat aansienlik minder is as die bedrag van R13 miljard wat gedurende die eerste helfte van 1995 op hierdie wyse verkry is. Geen nuwe regte-uitgiftes van vaste-rentedraende sekuriteite is in die eerste sewe maande van 1996 deur genoteerde maatskappye in die private sektor gemaak nie; in die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar het hierdie maatskappye 'n bedrag van R0,9 miljard in die mark verkry. Die hoë koste om in die effektemark te leen in verhouding tot gemete en verwagte inflasie het duidelik tot gevolg gehad dat maatskappye fondse op ander maniere as deur die uitgifte van vaste-rentedraende sekuriteite wou bekom.

Die regering het in Januarie 1996 met 'n Euro-sterling effekteuitgifte van R560 miljoen die *internasionale effektemark* betree. Dit is gevolg deur 'n aantal ondernemings in die nie-finansiële openbare sektor wat gedurende die eerste sewe maande van die jaar nuwe kapitaal tot 'n totale bedrag van R0,6 miljard in buitelandse markte verkry het. Geen nuwe fondse is gedurende hierdie tydperk deur maatskappye in die private sektor op die internasionale effektemarkte verkry nie. Dit kon heel waarskynlik aan die swak wisselkoers van die rand toegeskryf word.

Effektebeurstransaksies



Nie-inwoners se maandelikse netto transaksies op die aandele- en effektebeurse *




Die bedrywigheid in die *sekondêre effektemark* was gedurende die eerste helfte van 1996 lewendig, toe wisselende opbrengskoerse gunstige geleenthede geskep het om sake te doen. Die waarde van effekte wat op die effektemark verhandel is, soos dit deur die Effektebeurs van Suid-Afrika vrygestel word, het van 'n reeds hoë vlak van R753 miljard in die eerste kwartaal van 1996 tot 'n nuwe rekord hoogtepunt van R781 miljard in die tweede kwartaal toegeneem. In Julie en Augustus 1996 het die maandelikse gemiddelde omset verder tot R293 miljard toegeneem, teenoor 'n gemiddelde maandelikse omset van R260 miljard in die tweede kwartaal.

Nie-inwoners het bedrywige deelnemers in die sekondêre effektemark gebly. Hoewel hulle netto verkopers van effekte ten bedrae van R0,3 miljard in Maart en R2,2 miljard in April was, was nie-inwoners, per saldo, nietemin netto aankopers tot 'n bedrag van R2,4 miljard in die eerste kwartaal van 1996 en R0,4 miljard in die tweede kwartaal. Toe die wisselkoers van die rand in Julie en Augustus weer verswak het, het nie-inwoners verander van netto aankopers van effekte van nie minder nie as R0,7 miljard in Julie, in netto verkopers tot 'n bedrag van R1,3 miljard in Augustus 1996.

Aandelemark

Die vraag na fondse in die *primêre aandelemark* het van die eerste tot die tweede kwartaal van 1996 toegeneem. Die totale bedrag aan nuwe kapitaal wat deur

Aandelebeurstransaksies




genoteerde maatskappye verkry is, het van R4,1 miljard in die eerste kwartaal van 1996 tot R5,5 miljard in die tweede kwartaal toegeneem. 'n Bykomende bedrag van R2,3 miljard is daarna in Julie 1996 verkry.

Verhandeling in die *sekondêre aandelemark* het in die eerste agt maande van 1996 deurgaans verstewig. Die maandelikse gemiddelde waarde van aandeel wat op die Johannesburgse Aandeelbeurs verhandel is, het 'n nuwe rekord hoogtepunt van R9,1 miljard in die tweede kwartaal bereik, en toe verder tot R9,2 miljard in Julie en Augustus toegeneem. Hierdie jongste toename in die omset was hoofsaaklik die gevolg van 'n toename in die volume van aandeel wat verhandel is.

Nie-inwoners se netto aankope van aandeel wat op die Johannesburgse Aandeelbeurs genoteer is, het van 'n rekord totaal van R2,4 miljard in die eerste kwartaal van 1996 tot R2,0 miljard in die tweede kwartaal afgeneem. Nie-inwoners het in Julie en Augustus netto aankopers van aandeel tot 'n netto bedrag van R0,9 miljard gebly. Nie-inwoners se netto aankope van aandeel het dus in die eerste agt maande van 1996 op R5,3 miljard te staan gekom, vergeleke met R3,8 miljard gedurende die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar.

Die gemiddelde prysvlak van alle klasse aandeel het

Aandelepryse



in Februarie 1996 'n rekord hoogtepunt bereik, maar toe in die daaropvolgende maande tot Junie betreklik gelyk verloop. 'n Afwaartse regstelling van aandelepryse op Wallstraat in die middel van Julie het op 16 Julie 1996 weerklink gevind in 'n afname van 2,6 persent in die algehele prysindeks van die Johannesburgse Aandelebeurs. Dit het die gemiddelde waarde van die indeks vir die pryse van alle klasse aan-

dele in Augustus 1996 te staan gebring op 'n vlak wat 4 persent laer was as die gemiddelde vlak wat in Februarie bereik is. Die pryse van goudmynaandeel, wat tussen November 1995 en Mei 1996 met 52 persent toegeneem het, het van Mei tot Augustus met 11 persent afgeneem. Dit het gebeur ondanks 'n styging in die randprys van goud vanweë die depresiasie van die rand. Die aandelepryse van goudmynmaatskappye het in die jongste maande dus baie meer op die verswakking van die dollarprys van goud, as op die stygende randprys van goud gereageer. Die afname in goudmynaandelepryse sedert Mei 1996 is deels teen-gewerk deur 'n voortdurende verbetering in die pryse van nywerheids- en handelsaandeel, terwyl die pryse van finansiële aandeel oor die algemeen bestendig gebly het op 'n vlak wat aan die begin van die jaar behaal is.

Met aandelepryse wat in Augustus 1996 gemiddeld laer as in Februarie was, het die gemiddelde dividend- en verdienste-opbrengskoers op alle klasse aandeel, behalwe goudmynaandeel, effens toegeneem. Die skerp toename sedert die begin van die jaar in die opbrengskoers op staatseffekte met 'n lang uitstaande looptyd het veroorsaak dat die rendementsgaping (die maandelikse gemiddelde opbrengskoers op langtermynstaatseffekte minus die dividendopbrengskoers op alle klasse aandeel) van 11,7 persentasiepunte in Januarie tot 13,4 persentasiepunte in Augustus verruim het. Die prysverdiensverhouding vir alle klasse aandeel, behalwe die aandeel van goudmynmaatskappye, het van 18,2 persent in Januarie 1996 tot 15,2 persent in Augustus afgeneem.

Ander finansiële markte

Die bedrywigheid in die *formele afgeleide mark* het gedurende die eerste agt maande van 1996 lewendig gebly terwyl onsekerhede in die markte vir buitelandse valuta en sekuriteite voortgeduur het. Die getal aandeel-opsiekontrakte wat in die eerste agt maande van 1996 verhandel is, was 48,3 persent meer as die getal wat in die ooreenstemmende tydperk van 1995 verhandel is. Die getal aandeeltermynkontrakte wat gedurende dieselfde tydperk verhandel is, het met slegs 4 persent toegeneem, maar dit was vanaf die buitengewoon hoë handelsvolumes wat in die eerste agt maande van 1995 aangeteken is.

Hoewel finansiering in die *verbandmark* in die eerste helfte van 1996 afgeplat het, het dit op 'n hoë vlak gebly. Die toename oor twaalf maande in verbandvoorskotte wat uitbetaal is, het van 24 persent in 1995 tot 12,4 persent in die eerste helfte van 1996 verlangsaam. Die toename oor twaalf maande in kapitaal-terugbetalings het eweneens afgeneem van 29 persent in 1995 in die geheel tot 18,3 persent in die eerste ses maande van 1996. Die bedrywigheid in die *mark vir vaste eiendom* het in Januarie 1996 tot 'n baie lae vlak gedaal. 'n Daaropvolgende herstel het die maandelikse gemiddelde waarde van vaste-eiendomstransak-

sies op vlakke te staan gebring wat met die maandelikse gemiddelde waardes van 1995 ooreengestem en dit by tye selfs oorskry het. Alles in ag geneem, was die totale waarde van transaksies in vaste eiendom in die eerste vyf maande van 1996 slegs 0,3 persent minder as in die ooreenstemmende tydperk van 1995.

Openbare finansies


Leningsbehoefte van die openbare sektor

Die leningsbehoefte van die openbare sektor (dit wil sê die tekort voor lenings en skuldaflissing van die gekonsolideerde sentrale regering, provinsiale regerings, plaaslike owerhede en die nie-finansiële openbare ondernemings) het R10,2 miljard in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1996/97 beloop in vergelyking met R8,9 miljard in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1995/96. In verhouding tot die bruto binnelandse produk, het die leningsbehoefte van die openbare sektor van 7,5 persent in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1995/96 tot 7,7 persent in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1996/97 toegeneem.

Die verswakking in die leningsbehoefte van die openbare sektor vanaf die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1995/96 tot die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1996/97 kan hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n verslegting in die finansies van die buitebegrotingsinstellings en 'n ommekeer in die finansiële saldo van die provinsiale regerings van 'n surplus van R2,6 miljard in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1995/1996 in 'n tekort van bykans R0,5 miljard. Dit is teengewerk deur 'n beduidende afname in die leningsbehoefte van die Hoofbegroting en, in mindere mate, van die plaaslike owerhede.

Die sterk verbetering in die leningsbehoefte van die Hoofbegroting was die gevolg van 'n toename in totale

Leningsbehoefte van die openbare sektor



Tabel 10. Leningsbehoefte van die openbare sektor
R miljoene

Fiskale jare		Hoof- begroting	Provinsiale regerings	Plaaslike owerhede	Buite- begrotings- instellings	Totaal
1995/96:	Apr-Jun	11 240	-2 623	700	-923	8 905
	Jul-Sep	6 366	-394	-600	34	5 491
	Okt-Des.....	1 424	864	150	615	3 515
	Jan-Mrt	9 158	2 075	150	118	12 051
1996/97	Apr-Jun	8 804	473	348	303	10 209

inkomste en oordragte tot 7,3 persent bo die vlak van totale inkomste in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1995/96 en 'n afname van 1,1 persent in totale besteding en netto lenings toegestaan gedurende dieselfde tydperk. Die afname in besteding op die Hoofbegroting was hoofsaaklik die gevolg van 'n afname in kapitaalbesteding en 'n toename in lenings wat deur ander owerheidsinstellings aan die Hoofbegroting terugbetaal is.

Totale besteding en netto lenings toegestaan op die Hoofbegroting het in verhouding tot die bruto binnelandse produk van 32,8 persent in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1995/96 tot 29,0 persent in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1996/97 afgeneem. Gedurende dieselfde tydperk het totale inkomste en oordragte in verhouding tot die bruto binnelandse produk met heelwat minder afgeneem, naamlik van 23,3 persent tot 22,3 persent.


Skatkisrekening

Skatkisuitreikings aan die departemente van die nasionale regering (aangepas om kontantvloeiinge te weerpieël) was in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1996/97 slegs 0,1 persent hoër as in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1995/96. Hierdie toename was heelwat laer as die groei van 10,4 persent in staatsbesteding waarvoor in die Begroting vir die fiskale jaar 1996/97 voorsiening gemaak is. Indien die skatkisuitreikings in Julie 1996 egter ook in aanmerking geneem word, kom die toename in skatkisuitreikings vir die eerste vier maande van die fiskale jaar 1996/97 in vergelyking met die ooreenstemmende tydperk van die fiskale jaar 1995/96 op 7,4 persent te staan. Hierdie betreklik stadige groei in skatkisuitreikings is in 'n aansienlike mate deur 'n afname van 8,8 persent in rentebetalinge vanaf die eerste vier maande van die fiskale jaar 1995/96 tot die eerste vier maande van die fiskale jaar 1996/97 veroorsaak. Die afname in rentebetalinge was weer die gevolg van verskuiwings in rentebetalingstermyns en sal na verwagting nie die volle fiskale jaar voortduur nie.


Omdat die laaste dag van Junie op 'n Sondag geval het, is *skatkisontvangste* in die eerste kwartaal van die

fiskale jaar 1996/97 verwring deur 'n oorloop van inkomste van die eerste kwartaal na Julie 1996. Deels as gevolg van hierdie verwringing was skatkisontvangste in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1996/97 slegs 6,4 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar. Indien skatkisontvangste in die eerste vier maande van die fiskale jaar 1996/97 met die ontvangste in die eerste vier maande van die fiskale jaar 1995/96 vergelyk word, het die groei in inkomste tot 16,0 persent toegeneem. Die groei in die ontvangste van Binnelandse Inkomste en doeane- en aksynsregte in die eerste vier maande van die fiskale jaar 1996/97 teenoor die eerste vier maande van die fiskale jaar 1995/96 het die groei in inkomste, soos in die Begroting vir die volle fiskale jaar 1996/97 voorsien, oorskry.

Begrote en werklike skatkisuitreikings aan staatsdepartemente



Begrote en werklike inkomste




Die sterk vertoning van skatkisontvangste en die betreklik stadige groei in uitreikings het tot 'n skatkistekort voor lenings en skuldaflissing van R10,4 miljard in die eerste vier maande van die fiskale jaar 1996/97 gelei. Hierdie tekort het afgeneem van R12,9 miljard in die ooreenstemmende tydperk van die vorige fiskale jaar en was gelyk aan 34,0 persent van die begrote tekort van R30,7 miljard vir die volle fiskale jaar.

Die tekort van R10,4 miljard in die eerste vier maande van die fiskale jaar 1996/97 is soos volg gefinansier:

	R miljoene
Staatseffekte (insluitend diskonto).....	10 238
Skatkiswissels	4 784
Buitengewone ontvangste	1 878
Buitelandse lenings.....	-2
Nie-bemerkbare sekuriteite.....	-73
Geldmarkinstrumente	-2 981
Verandering in beskikbare kontantsaldo's	
Kontantsaldo's by Reserwebank	-888
Kontantsaldo's by banke	482
Totale finansiering.....	13 438
Min: Diskonto op nuwe staatseffekte	2 991
Totale netto finansiering	10 447

Skatkiswissels vir 'n buitengewone groot bedrag is gedurende die eerste vier maande van die fiskale jaar 1996/97 uitgereik. Die opbrengs hiervan was, onder andere, bestem vir die vervanging van die skuld van die

Begrote en werklike skatkistekort



Tabel 11. Persentasietoename in skatkisontvangste

Bron van inkomste	Begrote toename: fiskale jaar 1996/97	Werklike toename: eerste vier maande van die fiskale jaar
Doeane- en aksynsregte	9,7	24,3
Binnelandse inkomste	14,2	14,8
Totale skatkisontvangste.....	13,6	16,0

voormalige onafhanklike en selfregerende state wat betaalbaar geword het. Die "buitengewone ontvangste" verteenwoordig die opbrengs uit die verkoop van strategiese oliereserwes, wat R1,9 miljard tot die finansiering van die tekort bygedra het.

As gevolg van die manier waarop die tekort gefinansier is, het die totale staatskuld van R279,8 miljard aan die einde van Maart 1996 tot R294,0 miljard aan die einde van Julie 1996 toegeneem. In verhouding tot die bruto binnelandse produk het staatskuld aan die einde van Julie 57,5 persent bedra, in vergelyking met 56,3 persent aan die einde van die fiskale jaar 1995/96.

Verklaring oor rentekoerse

Uitgereik deur dr C.L. Stals, President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank

25 Junie 1996

Sedert die middel van Mei 1996 het die druk op die Reserwebank se buitelandse valuta-reserwes afgeneem en het die wisselkoers van die rand meer stabiel vertoon en rondom die vlak van VSA\$1.00 = R4.35 gewissel. Geldmarktoestande het ook effens verruim en die meeste markrentekoerse het onlangs begin daal, insluitende die uitleenkoerse van sommige banke.

Alhoewel die jongste beskikbare inligting oor groeikoerse van monetêre en krediet-totale nie 'n verlaging in die Bankkoers van sy huidige vlak van 16 persent regverdig nie, is die Bank egter bereid om beperkte marginale ondersteuning aan die afwaartse neiging in korttermyn geldmarkrentekoerse te verleen deur die koers waarteen die Bank "tweede-kategorie"-lenings by die diskontovenster aan bankinstellings toestaan, te verlaag. Die Bankkoers van 16 persent geld tans vir oornaglenings wat met staatseffekte en Skatkis-, Reserwebank- en Landbankwissels met 'n onverstreke looptyd van 91 dae of minder, gedek word. Teen die onderpand van dieselfde sekuriteite met looptye van langer as 91 dae maar korter as 3 jaar, is oornaglenings teen die Bankkoers plus 1,50 persent in die tweede kategorie beskikbaar.

In die lig van die omvang van die geldmarktekorte en die feit dat slegs 'n beperkte hoeveelheid aanvaarbare korttermyn onderpand vir diskontovenster-fasiliteite in hierdie stadium in die mark beskikbaar is, het die Reserwebank besluit om die marge vir tweede-kategorie-lenings wat by die diskontovenster beskikbaar gemaak word, met ingang van môre, 26 Junie 1996, vanaf 1,50 tot 0,75 persent te verlaag. Akkommodasie by die Reserwebank se diskontovenster sal dus teen 'n effense verlaagde gemiddelde koers beskikbaar wees, sou die geldmarktekort hoog bly of weer styg.